- (6) terwyl dit blyk of kleiner bedrae vir beplanning en voorbereidingswerk toegewys is, wat die totale befondsingsbedrag is wat tot op hede aan die projek bestee is;
- (7) alhoewel befondsing na bewering so vroeg as 2019 aan die Klipfontein-streeks-hospitaalprojek toegewys is, blyk dit asof dit eers amptelik in 2026 in die nasionale begroting verskyn het: hoekom daar ’n verdraging tussen die aanvanklike toewysing en die verskyning daarvan in die nasionale begroting was;
- (8) of, toe die GF Jooste-hospitaal uit gebruik gestel is, befondsing vir die oprigting van die Klipfontein-streekshospitaal reeds toegewys of geormerk was; so ja, (a) watter bedrag toegewys is en (b) in watter finansiële jaar hierdie toewysing gedoen is?

(159)

***3. Mnr B N Herron vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na sy antwoord op vraag 7 van 22 Mei 2025:

- (1) Of sy departement enige amptelike reaksie van die nasionale Departement van Menslike Nedersettings of die Nasionale Tesourie ontvang het nadat die geskil ingedien is; so ja, wat die besonderhede van daardie reaksie is;
- (2) of die interregeringsgeskil opgelos is; (a) so nee, watter verdere (i) skakelings of (ii) prosesse tans aan die gang is om die aangeleentheid op te los; (b) so ja, (i) wanneer dit opgelos is en (ii) wat die tersaaklike besonderhede is;
- (3) of sy departement die geskil verder as die huidige interregeringsproses verwys het of beoog om dit te verwys; so ja, watter spesifieke stappe gedoen word;
- (4) of (a) bemiddeling, (b) regstappe of (c) ingryping deur ander interregeringsmeganismes oorweeg word; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

(160)

***4. Mnr M K Sayed vra mnr A R Winde, Premier:**

Met verwysing na die Stelsel vir Voorkeur in Rye (“Priority Queuing System”) vir bejaardes wat by staatsdepartemente ingestel is:

- (1) Of enige provinsiale staatsdepartemente tans die Stelsel vir Voorkeur in Rye vir bejaardes by diensleweringspunte toepas; (a) so nee, waarom nie; (b) so ja, (i) watter departemente tans so 'n stelsel toepas en (ii) watter maatreëls ingestel is om toe te sien dat dit doeltreffend werk;
- (2) (a) watter departemente die suksesvolle toepassing van die Stelsel vir Voorkeur in Rye aangemeld het en (b) watter beste praktyke tot die doeltreffendheid daarvan bygedra het;
- (3) watter uitdagings of struikelblokke geïdentifiseer is om die Stelsel vir Voorkeur in Rye by departemente in werking te stel;
- (4) watter ingrypings of aanbevelings die provinsiale regering oorweeg om die toepassing van die Stelsel vir Voorkeur in Rye vir bejaardes by alle regeringsfere vir dienslewering te verbeter en standaardiseer?

(161)

***5. Mnr M K Sayed vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Met verwysing na die korrespondensie wat die Belangegroep vir Helderberg-inwoners ("Helderberg Residents Concerned Group" of HRCG) op 17 November 2025 na sy kantoor gestuur het met betrekking tot 'n versoek om saam met die provinsiale regering te werk om gemeenskapsfasiliteite te ontwikkel op provinsiale grond wat tussen die Soet-rivierkanaal en Broadway-boulevard in die Strand geleë is:

- (1) Of sy departement enige amptelike reaksie aan die HRCG verskaf het sedert die korrespondensie in November 2025 ontvang is; so nee, waarom nie; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;
- (2) of sy departement die voorstel vir die vestiging van opvoedkundige, maatskaplike, ontspannings- en gemeenskapsontwikkelingsfasiliteite oorweeg het op die gedeelte grond wat geïdentifiseer is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;
- (3) of enige skakelings, vergaderings of perseelbeoordelings oor die voorstel tussen sy departement en verteenwoordigers van die HRCG plaasgevind het; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;
- (4) of die gedeelte grond wat geïdentifiseer is, tans vir enige provinsiale ontwikkeling, bewaring of ander strategiese doelwit geormerk is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

(162)

***6. Me B N Stoffel vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

- (1) (a) Watter maatreëls sy departement instel om inwoners, veral arm en werkersklashuishoudings, teen onwettige en uitermatige stygings van munisipale tariewe te beskerm, (b) watter skakeling sy departement met die Stad Kaapstad gehad het ná die regsuitspraak oor die implikasies vir finansies en dienslewering wat uit die hofbeslissing spruit en (c) watter toesigrol sy departement uitgevoer het vir die goedkeuring en toepassing van die tariefstruktuur wat die Stad Kaapstad voor die hofbeslissing aangeneem het;
- (2) of kwessies wat deur inwoners, organisasies van die burgerlike samelewing en verenigings vir munisipale belastingbetalers geopper is oor die wettigheid en bekostigbaarheid van die tariefstruktuur onder sy aandag gebring is voordat die saak voor die hof gedien het; so ja, watter stappe sy departement gedoen het?

***7. Mnr M B Ngqentsu vra mnr R D Mackenzie, Minister van Kultuursake en Sport:**

Met verwysing na kwessies wat geopper is oor die voorgestelde ontwikkel van 'n hoë gebou in die geskiedkundige kern van die Kaapse middestad, insluitende beswaar van erfenisliggame en kommer oor beperkte openbare bewusmaking tydens die proses vir openbare deelname:

(a) Watter toesigrol sy departement speel ten opsigte van ontwikkelings wat erfenisterreine, geskiedkundige stadsgebiede en gebiede van kulturele belang in die provinsie kan raak en (b) watter rol sy departement, insluitende Erfenis Wes-Kaap, speel om betekenisvolle openbare skakeling te verseker vir ontwikkelings wat erfenisterreine, geskiedkundige stadsgebiede en gebiede van kulturele belang raak?

(164)

***8. Me P Z Lekker vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Met verwysing na berigte van verlengde kragonderbrekings in dele van Delft (insluitende Voorbrug, Leiden en Eindhoven), waar inwoners na bewering vir tydperke van 'n week tot meer as 'n maand nie krag gehad het nie, wat tot protesoptrede en ernstige ongerief tydens die onlangse storms en koue weer gelei het:

- (1) (a) Watter noodingrypings vir maatskaplike verligting sy departement ingestel het om die huishoudings te ondersteun wat geraak is, veral weerlose groepe soos bejaardes, kinders en mense met gestremdhede, tydens die lang kragonderbrekings, (b) watter samewerking tussen sy departement, munisipaliteite en ander toepaslike belanghebbendes plaasgevind het om toe te sien dat die inwoners wat geraak is, voldoende ondersteuning en bystand tydens die dienslewingskrisis ontvang en (c) watter maatreëls ingestel is om toe te sien dat weerlose gemeenskappe wat deur die lang kragonderbrekings, vernietiging van infrastruktuur of ontwortelings deur rampe geraak is, tydig maatskaplike ondersteuning en gekoördineerde bystand van die regering ontvang;
- (2) of sy departement enige gebeurlikheidsplanne of strategieë vir gemeenskapsondersteuning ontwikkel het om in die toekoms op soortgelyke dienslewingskrisisse in gure weerstoestande te reageer; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

(165)

***9. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Met verwysing na die onlangse uitbreking van bek-en-klouseer in die provinsie en die impak daarvan op veeboere:

- (1) Of enige befondsing vir rampbestuur of noodverligting aan sy departement toegewys is of deur sy departement versoek is in reaksie op die uitbreek van bek-en-klouseer; so ja, (a) hoeveel befondsing toegewys of versoek is en (b) uit watter bron of geregingsfeer die befondsing toegewys of versoek is;
- (2) (a) watter maatreëls vir onmiddellike ondersteuning ingestel is om boere te help wat geraak is, veral ontlukende en kleinskaalse boere wat veeverliese of ekonomiese ontbering weens die uitbreking en verwante inperkingsmaatreëls ervaar het, en (b) watter ingrypings ingestel word om boere wat geraak is, te help om ekonomies te herstel en boerderybedrywighede te herstel sodra inperkingsmaatreëls opgehef word?

(166)

***10. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Met verwysing na die onlangse ernstige stormskade in die provinsie Wes-Kaap:

- (1) (a) Wat die huidige omvang is van die skade in die provinsie wat met die storm verband hou, (b) hoeveel (i) huishoudings, (ii) informele wonings (insluitende opslaanhuise), (iii) openbare fasiliteite en (iv) padinfrastruktuurnodusse geraak is en (c) in watter munisipale gebiede die grootste konsentrasie skade aangeteken is;
- (2) (a) wat die totale beraamde finansiële waarde is van die skade aangerig aan (i) behuising, (ii) paaie, (iii) landbou-infrastruktuur en (iv) munisipale dienste en (b)(i) hoe hierdie beoordeling uitgevoer is en (ii) deur watter owerheid;
- (3) of die beoordeling onafhanklik gekontroleer is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(167)

***11. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

Met verwysing na die onlangse ernstige stormskade in die provinsie Wes-Kaap:

- (a) watter fondse vir rampverligting toegewys is aan die provinsie en munisipaliteite wat geraak is, ten einde beskadigde infrastruktuur, insluitende behuising in informele nedersettings en padnetwerke, te herstel, (b) hoeveel van hierdie fondse reeds uitbetaal is en (c) watter gedeelte nog vir onmiddellike herstel en herstel oor die medium termyn beskikbaar is?

(168)

***12. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Met verwysing na die infrastruktuur vir riool en stormwater in Philippi:

- (1) (a) Wat die stand van die huidige rioolnetwerk in Philippi is en (b) hoeveel huishoudings (insluitende formele huishoudings, informele nedersettings en agterplaasbewoners) tans aan die stelsel gekoppel is;
- (2) (a) wanneer die laaste groot opknapping van die rioolinfrastruktuur in Philippi uitgevoer is en (b) wat die besonderhede van die opknapping is;
- (3) watter persentasie van die begroting vir Menslike Nedersettings in die vorige drie finansiële jare aan die opknapping van rioolinfrastruktuur in Philippi toegewys is;
- (4) of daar enige planne is om die infrastruktuur vir stormwater in Philippi op te knap, te herstel of uit te brei om aan algemene risiko's vir oorstroming aandag te skenk; so nee, waarom nie; so ja, (a) wat die tersaaklike besonderhede is en (b) wat die tydlane vir die (i) instelling en (ii) voltooiing van die beplande ingrypings vir infrastruktuur vir stormwater in Philippi is?

(169)

***13. Me A P Bans vra mnr A R Winde, Premier:**

Met verwysing na die personeelvoorsiening en vakatures in die departemente van die Wes-Kaapse Regering (WKR) oor die afgelope vyf finansiële jare:

- (1) (a) Wat die besonderhede is van poste wat geadverteer is, (b) watter poste nie geadverteer is nie, (c)(i) wat die langste tydperk is waartydens 'n vakature in elke WKR-

departement ongevul gebly het en (ii) waarom en (d)(i) watter poste die langste geneem het om gevul te word volgens departement en (ii) waarom;

- (2) (a) wat die totale begroting vir die koste van indiensneming (“cost of employment” of COE) is wat aan elke provinsiale departement toegewys is, (b) wat die ontleding van die besteding van die COE volgens departement is, ontleed volgens kwartaal, en (c) wat die redes is vir enige afwykings tussen die CEO waarvoor begroot is, en die werklike besteding volgens kwartaal?

(170)

***14. Mnr F Kamfer vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Met verwysing na deernishuishoudings by munisipaliteite:

- (a) (i) Wat die getal deernishuishoudings volgens munisipaliteit is en (ii) watter maatreëls tans ingestel is om deernishuishoudings by munisipaliteite te ondersteun en (b) watter bykomende ingrypings ingestel is om die dienslewering en maatskaplike ondersteuning aan deernishuishoudings te verbeter waar nodig?

(171)

***15. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na mediese nooddienste en ambulansvoorsiening in die provinsie:

- (a) Wat die (i) getal ambulanse is wat aan elke munisipaliteit toegewys is, en (ii) gemiddelde reaksietyd volgens munisipaliteit vir mediese nooddienste is, (b) watter maatreëls ingestel is om aan die tekort aan ambulanse of verdragings met reaksietye by munisipaliteite aandag te skenk en (c) wat die veiligheidsmaatreëls is wat ingestel is om paramedici te beskerm?

(172)

***16. Mnr N B Nqgentsu vra me A J D Marais, Minister van Polisie-toesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na dienste vir forensiese patologie in die provinsie:

- (1) (a) Wat die totale getal forensiese patoloë is wat tans in die provinsie in diens geneem is, (b) wat die huidige gevallelading volgens forensiese patoloog is, uitgedruk as ’n gemiddelde verhoudingsgetal van gevalle volgens praktisyn, en (c) wat die voorskriftelike standaard en norme is vir die toewysing van werkslading vir forensiese patoloë by die provinsiale forensiese dienste;
- (2) (a) wat die huidige agterstand van gevalle vir forensiese patologie is, insluitende die presiese getal gevalle wat wag;
- (3) wat die gemiddelde werkslading en gevallelading volgens forensiese patoloog tydens spits- of seisoenale hoë sterflikheid in die provinsie is;
- (4) watter maatreëls ingestel is om aan personeeltekorte aandag te skenk en om die agterstand by dienste vir forensiese patologie te verminder, veral tydens tydperke waar tydens daar verhoogde aanvraag na die oorsaak van dood is?

(173)

***17. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na statistiek oor sterflikheid by fasiliteite vir openbare gesondheid:

(a) Wat die getal sterftes is wat vanaf 2024 tot op hede by elke staatshospitaal in die provinsie aangeteken is en (b) wat die hooforsake van sterfte is wat in hierdie tydperk by elke hospitaal aangeteken is, ontleed volgens kategorie van die oorsaak van dood?

(174)

***18. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Met verwysing na haar departement se aankondiging dat meer as 800 nuwe poste, insluitende 316 verpleegkundiges en 124 dokters, as deel van die 2026/27-begroting vir gesondheid bygevoeg sal word:

(a) By watter hospitale, klinieke of ander gesondheidsfasiliteite hierdie gesondheidsberoepslui toegewys is of geplaas sal word, (b) wat die tydlyn vir die proses vir werwing en aanstelling is en (c)(i) hoeveel van hierdie gesondheidsberoepslui reeds aangestel en geplaas is volgens die jongste inligting wat beskikbaar is, en (ii) by watter fasiliteite hulle geplaas is?

(175)

***19. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

In die lig van uitdagings met veiligheid en sekuriteit, insluitende rowery en aanvalle deur misdadigers, wat 'n impak het op besoekers aan die al die vrytoegangsgebiede van die Tafelberg- nasionale park:

- (1) Wat die (a) huidige stand en (b) vordering is in verband met die afhandeling van die Hoofde van Ooreenkoms ("Heads of Agreement" of HOA) tussen die Stad Kaapstad, SANParke en CapeNature wat ten doel het om bestuur op die berg te koördineer;
- (2) (a) Watter (i) spesifieke rolle, (ii) bedryfsmandate, (iii) verantwoordelikhede van wetstoepassing en (iv) ooreenkomste vir eiendomsbestuur na verwagting kragtens huidige reëlins deur die agente uitgevoer word en (b) hoe dit aandag sal skenk aan (i) veiligheidskwessies, (ii) die stroomlyn van gesamentlike ontplooiings vir wets-toepassing en (iii) die verhoging van die kapasiteit vir monitering ten einde misdaad op die berg doeltreffend te bekamp?

(176)

***20. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

Met verwysing na sy antwoord op vraag 3 van 11 Julie 2025:

- (1) (a) Watter vordering sedert Julie 2025 gemaak is om hierdie spesifieke munisipale proefprojekte in amptelike munisipale dienste te omskep wat volledig uitgebrei is, en (b) watter munisipaliteite, indien enige, hul programme die afgelope jaar met sukses uitgebrei het;
- (2) watter ingrypings sy departement ingestel het vir die oplossing van die (a) aanvangs-probleme wat verband hou met die regulasies vir uitgebreide produsent-verantwoordelikhede ("extended producer responsibility" of EPR), en (b) uitdagings met infrastruktuur wat vennootskappe tussen plaaslike regering en organisasies vir produkverantwoordelikheid ("product responsibility organisations" of PRO's) verhoed;
- (3) hoeveel bykomende huishoudings met lae inkomste bereik is deur (a) munisipale S@S-programme, (b) uitruilwinkels of (c) terugkoopsentrums sedert die laaste verslag aangedui het dat net vyf munisipaliteite in hierdie gebiede werk?

(177)

***21. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

In die lig van die gure weerfront, stormsterk winde en ramspoedige oorstromings wat dele van die Wes-Kaap tussen 5 en 12 Mei 2026 getref het:

- (1) (a) Wat sy departement se voorlopige beoordeling is van die totale aantal hektaar landbougrond wat as gevolg van die weer beskadig is en (b) wat die huidige departementele beramings is van die totale finansiële koste van die skade wat aan landbouinfrastruktuur aangerig is, insluitende maar nie beperk nie tot (i) besproeiingstelsels en pomptoerusting, (ii) plaasomheining, (iii) privaat toegangspaaie en brûe en (iv) rivieroewers, oewergebiede en afsakselneerslag in boorde en wingerde;
- (2) wat die (a) vooruitgeskatte finansiële waarde van oesverliese vir die oesseisoen van 2026 is en (b) verwagte impak van hierdie verliese op die provinsie se totale produksievolume vir landbou-uitvoere is;
- (3) (a) wat die beraamde getal werkgeleenthede in landbou is wat as gevolg van die gure weer onderbreek is, en (b) watter onmiddellike meganismes sy departement ontplooi om die produsente te help wat geraak is?

(178)

***22. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

In verband met die impak van die onlangse gure weer en erge oorstroming op die provinsie se infrastruktuur vir toerisme en vervoernetwerke:

- (a) Wat sy departement se voorlopige beoordeling is van die strukturele skade wat toerismeondernemings opgedoen het in die streke wat die ergste getref is, en (b) watter omvattende (i) reisadvies, (ii) veiligheidsriglyne of (iii) verslae oor die stand van sake Wesgro of sy departement aan toeriste uitgereik het wat die areas besoek wat geraak is?

(179)

***23. Mnr N P Masipa vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

- (1) (a) Wat die totale getal diere is wat tot op hede in die provinsie ingeënt is en (b) watter persentasie van die provinsie se geteikende veebevolking hierdie getal verteenwoordig;
- (2) (a) wat die huidige stand van die pyplyn vir die voorsiening van entstowwe vir die res van die 2026-kalenderjaar is, spesifiek in verband met die (i) beraamde aankomsdatums en (ii) hoeveelhede van die provinsiale deel;
- (3) hoeveel (a) privaat veeartse en (b) produsente in die provinsie geregistreer het om deel te neem nadat die vrywillige Openbare-privaat-skema vir Roetine-inentings teen Bek-en-klouseer ("Routine Vaccination Scheme for Foot-and-mouth Disease" of RVS-FMD) kragtens artikel 10 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet 35 van 1984) op 4 Mei 2026 amptelik in die *Staatskoerant* gepubliseer is?

(180)

***24. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisie-toesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na misdadaadstatistiek, data van saaknasporing en ander regsinsligting vir die 2023/24- finansiële jaar wat aan haar departement beskikbaar is:

(a) Wat die totale getal aangemelde sake in die provinsie is wat verband hou met (i) verkragting, (ii) seksuele aanranding, (iii) gesinsgeweld, (iv) poging tot verkragting en (v) moord waar die slagoffer vroulik is, (b) wat die spesifieke (i) speurkoerse, (ii) koerse vir inhegtenisnemings, (iii) koerse vir skuldigbevindings en (iv) koerse vir die terugtrekking van sake vir verkragtingsake in die provinsie is en (c) wat die spesifieke (i) speurkoerse, (ii) koerse vir inhegtenisneming en (iii) koerse vir skuldigbevindings?

(181)

***25. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoedig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na misdaadstatistiek, data van saaknasporing en ander regsinsligting vir die 2024/25- finansiële jaar wat aan haar departement beskikbaar is:

(a) Wat die totale getal aangemelde sake in die provinsie is wat verband hou met (i) verkragting, (ii) seksuele aanranding, (iii) gesinsgeweld, (iv) poging tot verkragting en (v) moord waar die slagoffer vroulik is, (b) wat die spesifieke (i) speurkoerse, (ii) koerse vir inhegtenisnemings, (iii) koerse vir skuldigbevindings en (iv) koerse vir die terugtrekking van sake vir verkragtingsake in die provinsie is en (c) wat die spesifieke (i) speurkoerse, (ii) koerse vir inhegtenisneming en (iii) koerse vir skuldigbevindings?

(182)

***26. Me B M van Minnen vra me A J D Marais, Minister van Polisietoedig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na misdaadstatistiek, data van saaknasporing en ander regsinsligting vir die 2025/26- finansiële jaar wat aan haar departement beskikbaar is:

(a) Wat die totale getal aangemelde sake in die provinsie is wat verband hou met (i) verkragting, (ii) seksuele aanranding, (iii) gesinsgeweld, (iv) poging tot verkragting en (v) moord waar die slagoffer vroulik is, (b) wat die spesifieke (i) speurkoerse, (ii) koerse vir inhegtenisneming, (iii) koerse vir skuldigbevindings en (iv) koerse vir die terugtrekking van sake vir verkragtingsake in die provinsie is en (c) wat die spesifieke (i) speurkoerse, (ii) koerse vir inhegtenisnemings en (iii) koerse vir skuldigbevindings?

(183)

***27. Mnr D W Bryant vra mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning:**

(1) Wat die huidige totale uitstaande skuld is wat die Kannaland-munisipaliteit aan alle krediteure verskuldig is;

(2) of die munisipaliteit steeds in gevaar is om die moontlike afskryf van Eskom-skuld te verbeur weens voortgesette wanbetaling; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(3) (a) watter maatreëls tans ingestel is om die invordering van inkomste te verbeter, (b) wat die huidige stand van (i) watervoorsiening en (ii) die instandhouding van waterinfrastruktuur by die munisipaliteit is, (c) wat die huidige stand van (i) infrastruktuur vir sanitasie en (ii) voorvalle van rioolstorting by die munisipaliteit is en (d) watter vordering gemaak is in verband met die bewerings van korrupsie wat in Desember 2021 na die Eenheid vir Spesiale Ondersoeke verwys is?

(184)

***28. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

- (1) Wat sy departement se rol is om die nuwe nasionale regulasies vir e-vervoerdienste toe te pas;
- (2) of sy departement met belanghebbendes vir e-vervoerdienste, soos die vereniging vir e-vervoerdienste, skakel; so ja, (a) hoe gereeld hierdie skakelings plaasvind en (b) wat hierdie belanghebbendes se siening is oor die nuwe nasionale regulasies vir e-vervoerdienste;
- (3) of die Provinsie sy kapasiteit bereik het om operateurslisensies vir e-vervoerdienste uit te reik; so nee, wat die tersaaklike besonderhede is;
- (4) (a) watter meetbare verbeterings vir veiligheid in die bedryf sedert die bekendstelling van die nuwe regulasies vir e-vervoerdienste aangeteken is, (b) hoeveel voertuie van e-vervoerdienste geskut is (i) voor die grasietydperk van 180 dae om die nuwe regulasies vir e-vervoerdienste in werking te stel en (ii) ná die grasietydperk van 180 dae, (c) wat die redes vir die skut van voertuie in (b) hier bo is en (d) watter soort ondersteuning sy departement aan die sektor vir e-vervoerdienste verskaf ten einde aan die vereistes te voldoen?

(185)

***29. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

Ten opsigte van die nasionale begroting (Begrotingspos 40: Vervoer):

- (a) Wat die spesifieke veranderings aan die nasionale Toekenning vir die Openbare Vervoernetwerk vir die Provinsie is, (b) hoe hierdie veranderings van vorige toewysings aan die Provinsie verskil, (c) hoe hierdie veranderings die voortsetting van bestaande projekte vir openbare vervoer in die provinsie sal raak, (d) watter maatreëls sy departement sal instel om enige negatiewe finansiële impak te verminder ten einde toe te sien dat of (i) bestaande projekte vir openbare vervoer en (ii) toekomstige projekte vir openbare vervoer steeds gelewer word en (e) watter skakeling sy departement met die nasionale regering gehad het oor die toepassing van hierdie veranderings in befondsing?

(186)

***30. Prof N Mbombo vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

- (a) Hoeveel voertuie wetstoepassing in die provinsie geïdentifiseer het as betrokke by onwettige resies in (i) 2024/25, (ii) 2025/26 en (iii) 2026/27 tot op hede, (b) wat die nagevolge vir onwettige resies is, (c) uit die voertuie wat in (a) hier bo geïdentifiseer is, (i) hoeveel gevolglik beboet is en (ii) wat die gemiddelde koste van die boete is, (d) hoeveel van die voertuie geskut is wat geïdentifiseer is as betrokke by onwettige resies, en (e) in watter geïdentifiseerde gebiede in die provinsie die meerderheid voorvalle van onwettige resies voorgekom het?

(187)

***31. Mnr M Booyen vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

- (a) Hoeveel klinieke en gemeenskapsdagsentrums in die provinsie tans toegang tot lees- en sienbrille verskaf, (b) hoeveel van hierdie fasiliteite oogtoetse op die perseel kan doen, (c) hoeveel inwoners aansoek gedoen het om lees- of sienbrille deur fasiliteite vir openbare gesondheid in die (i) 2024/25- en (ii) 2025/26- finansiële jaar, (d) hoeveel inwoners brille ontvang het in die (i) 2024/25- en (ii) 2025/26- finansiële jaar, (e) wat die totale koste is wat haar departement bestee het aan die voorsiening van hierdie brille in die (i) 2024/25- en (ii) 2025/26- finansiële jaar, (f)(i) wat die huidige gemiddelde wag-

of omkeertyd is vandat 'n pasiënt aansoek doen om 'n bril totdat 'n pasiënt dit deur die stelsel vir openbare gesondheid ontvang en (ii) wat die hoofredes vir vertraging is, waar van toepassing, (g) watter maatreëls haar departement ingestel het om wagtye te verminder en (h) wat die huidige proses is wat 'n inwoner moet volg om vir 'n lees- of sienbril deur die provinsiale gesondheidstelsel aansoek te doen?

(188)

***32. Mnr P Johnson vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(a) (i) Hoeveel sentrums vir vroeëkindere ontwikkeling (VKO) in die 2025- akademiese jaar in die provinsie bedryf is en (ii) hoeveel daarvan geregistreerd is, (b)(i) hoeveel VKO-sentrums tans in die provinsie bedryf word en (ii) hoeveel daarvan geregistreerd is, (c)(i) hoeveel geregistreeerde VKO-sentrums in die 2025- akademiese jaar befondsing van die Departement ontvang het en (ii) wat die totale koste van hierdie befondsing is, (d)(i) hoeveel geregistreeerde VKO-sentrums in die huidige akademiese jaar tot op hede befondsing van die Departement ontvang het en (ii) wat die totale koste van hierdie befondsing tot op hede is en (e) watter ondersteuning sy departement verskaf om VKO-sentrums te help om (i) geregistreeerd te word en (ii) toegang tot departementele befondsing te verkry?

(189)

***33. Mnr P Johnson vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(a) (i) Hoeveel staatskole in die provinsie tans sekuriteitswagte het waarvoor sy departement betaal en (ii) wat die totale koste per maand vir sekuriteitswagte by skole in die provinsie is, (b) hoeveel sy departement aan skoolveiligheid en -sekuriteit in (i) 2024/25, (ii) 2025/26 en (iii) 2026/27 tot op hede bestee het en (c) hoeveel skole volgens distrik sekuriteitswagte het waarvoor sy departement betaal?

(190)

***34. Mnr P Johnson vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(a) Hoeveel graad 12-leerders in die provinsie Wiskunde as vak in die (i) 2024- en (ii) 2025- akademiese jaar geneem het, (b) hoeveel graad 12-leerders in die provinsie Fisiese Wetenskappe as vak in die (i) 2024- en (ii) 2025- akademiese jaar geneem het, (c) watter ondersteuningsprogramme sy departement tans verskaf om graad 12-leerders te ondersteun wat Wiskunde en Fisiese Wetenskappe as vak neem en (d) wat die totale koste per maand vir die 2025- akademiese jaar vir sy departement vir hierdie ondersteuningsprogramme is wat in (c) hier bo genoem is?

(191)

***35. Mnr D J Wessels vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

- (1) (a) Hoeveel verslae oor padskade in die provinsie deur middel van die Roads4U-selfoontoepassing in (i) Maart, (ii) April en (iii) Mei 2026 aangemeld is, (b) hoeveel van hierdie aanmeldings (i) beoordeel is en (ii) aan aandag geskenk is en (c) hoeveel gebruikers tans op die selfoontoepassing geregistreeerd is;
- (2) of daar 'n skerp toename in die aanmelding van padskade tydens die onlangse tydperk van gure weer in die provinsie was; so ja, (a) wat die tersaaklike besonderhede is en (b) hoeveel aanmeldings tydens hierdie tydperk van gure weerstoestande ontvang is?

(192)

***36. Mnr D J Wessels vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

(a) (i) Wat die beraamde koste is van skade aan infrastruktuur wat deur die onlangse oorstromings veroorsaak is, en (ii) watter infrastruktuur die meeste geraak is, (b) wat die (i) beraamde koste en (ii) totale lengte van beskadigde paaie is, (c) hoeveel (i) skole en (ii) gesondheidsfasiliteite beskadig is, (d) wat die beraamde koste is om die skole en gesondheidsfasiliteite in (c) hier bo te herstel, (e) hoe lank dit neem vir nasionale ramp-befondsing om uitbetaal te word en (f) wat die vooruitgeskatte omkeertyd is om die (i) paaie, (ii) skole en (iii) gesondheidsfasiliteite te herstel wat hier bo genoem is?

(193)

***37. Me W F Kaizer-Philander vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(a) Hoeveel skuilings en tydelike veilige hawens sy departement tydens die onlangse gure weerstoestande in die provinsie gebruik het, (b) waar hierdie skuilings geleë is, (c) hoeveel individue gehuisves is, (d) watter ondersteuningsdienste tydens die gure weerstoestande by hierdie skuilings verskaf is en (e) wat die totale koste is wat sy departement tydens die onlangse gure weerstoestande aan skuilings en noodverligting bestee het?

(194)

LET WEL: Die antwoorde op die vrae vervat in hierdie Vraelys is vir 5 Junie 2026 bestem. Indien die antwoorde nie voor of op die sperdatum ingedien word nie, het die Lede die reg om die vrae te laat oordra na die Vraelys vir mondelinge beantwoording ooreenkomstig Reël 206.